GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANSE EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Tweede Vraestel: Letterkunde)

TYD: 2 uur

PUNTE: 70

INSTRUKSIES EN INLIGTING

- Lees die volgende instruksies versigtig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
- Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees dan daarna hierdie vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.
- Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:
  AFDELING A: Roman (35 punte)
  AFDELING B: Drama (35 punte)
  AFDELING C: Kortverhale (35 punte)
  AFDELING D: Gedigte (35 punte)
- Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.
- Beantwoord TWEE vrae. EEN vraag uit ENIGE TWEE afdelings.
- Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.
- Nommer die antwoorde presies soos in die vraestel.
- Beantwoord elke afdeling op ’n NUWE bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

INHOUDSOPGAWE

Doen TWEE vrae van 35 punte elk.
Doen EEN vraag oor elkeen van die TWEE genres wat julle in die klas gedoen het.

AFDELING A: ROMAN
Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAG 1: Kringe in 'n bos	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 2: Kringe in 'n bos	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

VRAAG 3: Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 4: Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

VRAAG 5: Meeulanders	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 6: Meeulanders	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING B: DRAMA
Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAG 7: Poppie, die drama	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 8: Poppie, die drama	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

VRAAG 9: Paljas	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 10: Paljas	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING C: KORTVERHALE
Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAG 11: Mutsuku	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 12: Ek is jammer	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING D: GEDIGTE
Beantwoord enige TWEE van die volgende vrae.

VRAAG 13: Talle tonge	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 14: So long Skipskop	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 15: Life vannie jobless	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 16: Melkkantien	Kontekstuele vraag	17½ punte

AFDELING A
ROMAN

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.

VRAAG 1
Opstelvraag

KRINGE IN 'N BOS: Dalene Matthee

'n Sentrale tema van die roman wat dwarsdeur die boek loop gaan oor natuurbewaring. Saul besef al van sy veertiende jaar af dat hy 'n verantwoordelikheid het om die uitwissing van sy geliefde Bos te keer.

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy die uitwissing van die Knysna-bos se plant- en dierelewe volledig bespreek. Verwys ook na Saul se bewaringsbesef. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Jy kan in jou opstel na die volgende verwys:

- Die inheemse Knysna-bos
- Die olifante
- Die bloubokkie **[35]**

OF

VRAAG 2
Kontekstuele vraag

KRINGE IN 'N BOS: Dalene Matthee

- Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Wat wil jy hê?" vra Jozef kortaf en hy wag vir 'n antwoord.
"Vir jou," sê Saul en besluit om Freek te ignoreer.
"Om wat te maak?" Dis 'n uitdaging.
"Om vas te stel of dit moontlik is om die strydbyl tussen ons neer te lê."
"Vergeet daarvan."
Uit die hoek van sy oog sien Saul hoe Maska Freek met 'n gesukkel wegkry. "Met ander woorde," sê hy vir Jozef, "jy is nie bereid om dinge uit te praat nie." En hy kry die gevoel dat hy voor 'n muur staan.
"Nee. Daarby waarsku ek jou, ek staan met 'n vrag hout wat annerweek moet dorp toe. As ek weer by MacDonald aankom om soos 'n hond weggejaag te word omdat jý staan en moeilikheid maak het, sal die hel losraak!"
"Hoeveel skuld jy MacDonald?"
"Dit traak jou nie!"
"Maar daar was darem 'n tyd toe dit my noodgedwonge moes traak! Toe elke pennie van my slaafloon by MacDonald van júlle skuld afgetrek is!"

***

"Ek staat nie voor jou op koort nie!" skree Jozef woedend.
"Nee, nie voor my nie, maar voor jouself en voor jou ander kinders, oor wat van hulle gaan word."
Die skielike waaksaamheid in Jozef is soos die opkom van 'n geweer se loop. "Jy het niks met my kinders te doen nie. Niks!"
"Seker nie, maar ek gaan nog altyd vir jou vertel wat van hulle gaan word".

***

"Hierdie keer het jy Oupoot gekies om jou skuld te betaal. Wat of wie gaan jy volgende keer uitsoek? Vir my?"

2.1 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Die naam van die persoon wat Oupoot geskiet het, was ...

A. Jozef.
B. Freek Terblans.
C. Maska.
D. Stopforth. (1)

2.2 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Wanneer Jozef sê hy wil nie weer soos ’n hond weggejaag word nie verwys hy na die keer toe ...

A. MacDonald nie sy ivoor wou koop nie.
B. hy en Saul vir sy ma se mense moes vertel van haar dood.
C. MacDonald hom weggejaag het om Saul te dwing om Knysna te verlaat.
D. hy agtergekom het hoeveel geld sy pa vir MacDonald geskuld het. (1)

2.3 Jozef se oudste seun, Joram, gaan hom met sy nuwe besigheid help om hout te lewer.

2.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.3.2 Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

2.4 Saul moes lank gelede al sy geld aan familieskuld by MacDonald afstaan.

2.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.4.2 Motiveer jou antwoord met EEN SIN wat jy uit hierdie uittreksel aanhaal. (1)

2.5 Saul praat in reël 4 van die “strydbyl” tussen hom en Jozef. Verduidelik wat die “strydbyl” tussen hulle was. (2)

2.6

> “Nee, nie voor my nie, maar voor jouself en voor jou ander kinders, oor wat van hulle gaan word.”... (Reël 19 en 20)

2.6.1 Wat sê Saul gaan met Jozef se ander kinders gebeur? Gee TWEE feite. (2)

2.6.2 Hoe is Jozef en Saul se pa oorlede? (1)

2.7 Beantwoord die volgende vraag met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Watter soort verteller is dit wat die verhaal in *Kringe in ’n bos* vertel?

A. Eerstepersoonsverteller
B. Interne verteller
C. Alomteenwoordige verteller
D. Ek-verteller (1)

2.8 Pas die eienskappe in KOLOM B by die karakters se name in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en korrekte letter neer.

KOLOM A	KOLOM B
2.8.1 Oom Anneries	A Houtkoper en eienaar van die winkel
2.8.2 Osborne	B Het Patterson uit die bos help dra
2.8.3 Alexander MacDonald	C Die meubelmaker van Swellendam
2.8.4 Abraham Steyn	D Apteker en goudkoper
2.8.5 Arend Botha	E Die eerste prospekteerder wat goud ontdek het
	F Kap in Joram Barnard se span

(5)

2.9 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf net die vraagnommer en die korrekte woord(e) neer.

Die hoofkarakter in hierdie verhaal is (2.9.1 naam en van) ... ... (1) en hy is onder ’n (2.9.2) ... (1) in die Bos gebore. Daar is glad nie (2.9.3) ... (1) in die Bos nie, maar hy leer by sy (2.9.4) ... (1) hoe om te lees en te skryf. (4)

2.10 Rangskik die volgende gebeure waar Saul vyf dae deur die Bos stap, in die KORREKTE volgorde.

Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

A. Saul wil omdraai, maar die gedagte dat Freek Terblans Oupoot gaan skiet, laat hom voortgaan.

B. Saul gaan leen ’n geweer by Maska om Oupoot te skiet.

C. Saul besef dat Oupoot hom Meulbos toe lei waar die grootste skade deur die delwers aangerig is.

D. Saul loop vir Maska raak wat hom probeer oorreed om om te draai. (4)

2.11 Saul wil nie meer op ’n skip weggaan nie, want hy het toekomsplanne wat sy eie familie insluit.

2.11.1 Wat is Saul se toekomsplanne? (1)

2.11.2 Hoe kan Saul se broers, Jozef en Izak, betrokke wees by sy toekomsplanne? (2)

2.11.3 By wie het Saul die ondervinding opgedoen om sy eie besigheid te kan begin? (1)

2.12 Saul baklei teen baie dinge buite homself, maar hy voer ook ’n innerlike stryd. Bespreek die innerlike konflik wat Saul ervaar in ’n paragraaf. (5)

2.13

> “Tussen hom en sy pa was ’n hek wat nooit wou oop nie. Hulle moes met die hek tussen hulle leef omdat die een nie na die ander se kant wou oorklim nie.”

Volgens die uittreksel kan aanvaar word dat Saul en sy pa se paaie nie weer gekruis het nie.

Hoe weet jy dat Joram Barnard tog omgegee het vir Saul? (1)
[35]

OF

VRAAG 3
Opstelvraag

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM: Marita van der Vyver

Hanna word in die verhaal gedwing om saam met haar laslapgesin in ’n berghut vakansie te hou. Verduidelik die verhouding tussen die lede van haar vreemde gesin.

Skryf ’n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy hierdie stelling volledig bespreek en gee voorbeelde uit die verhaal. Jou opstel moet ’n inleiding en ’n slot hê.

Jy kan in jou opstel na die volgende gebeure verwys:

- Verhouding tussen Gavin en Mana
- Verhouding tussen Hanna en Mana
- Verhouding tussen Beyers en Mana
- Verhouding tussen Hanna en Tibo
- Verhouding tussen Hanna en Fabienne **[35]**

OF

VRAAG 4
Kontekstuele vraag

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM: Marita van der Vyver

- Lees die volgende resensie deur wat geskryf is deur Jaco Jacobs na aanleiding van die roman en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> 1 Hanna is 14, amper 15, en sy wil
> 2 stories skryf, al terg haar halfbroer
> 3 en haar twee stiefbroers haar daaroor,
> 4 en al is haar lewe nie so interessant soos Anne Frank s'n nie.
> 5 Hanna versin vir haar 'n alter ego,
> 6 Fabienne, wie se lewe interessanter,
> 7 glorieryker en minder gekompliseer as hare is.
> 8 Nie dat haar eie lewe en gesin oninteressant is nie.
>
> (Uit: *Volksblad,* 17 Maart 2003)

4.1 Watter tragedie tref Fabienne toe sy vyftien jaar oud is? (1)

4.2 Noem VYF dinge wat jy van Hanna se alter ego Fabienne weet. (5)

4.3 Vertel ook in TWEE sinne wat jy van die verhouding tussen Hanna en haar biologiese pa weet. (2)

4.4 Margot is 'n aktrise van beroep.

4.4.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.4.1. (1)

4.5 Pas die beskrywing van 'n karakter in KOLOM B by die naam van die karakter in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

KOLOM A	KOLOM B
4.5.1 Hanna	A Dra grimering en het "geperokside" hare
4.5.2 Mana	B Aantreklik en tree graag as seremoniemeester op
4.5.3 Gavin	C Kan lekker speletjies speel
4.5.4 Beyers	D Koning van die oerwoud en glo nie daaraan om "nice" te wees nie
4.5.5 Yanna	E Is 'n persoon sonder pretensie en dra nie grimering nie

(5)

4.6 In die verhaal gee Hanna vir haarself die naam Hanna. Hoekom?

4.6.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.6.2 Motiveer jou antwoord met 'n rede uit die verhaal. (1)

4.7 Vergelyk Hanna se pa en Fabienne se pa se lewens met mekaar met betrekking tot hulle beroepe en hoe hulle teenoor Hanna voel en optree. Gebruik die volgende tabel wat jy in jou antwoordboek moet oortrek.

	Beyers	Fabienne se pa
Beroep		
Gevoel en optrede teenoor Hanna		

(4)

4.8 Sharon se ouers kry swaar en sy wil by Hanna kuier, omdat sy dink Hanna se gesinslewe is vervelig en sy wil haar beter laat voel.

4.8.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.8.2 Motiveer ook jou antwoord met TWEE redes uit die verhaal. (2)

4.9

"Fabulous Fabienne." sê sy. Asof sy dit bedoel. Van jou verwag ek 'n roman wat die wêreld gaan verower.

Wat lei jy uit hierdie aanhaling af oor Margot se gevoel teenoor Hanna? (2)

4.10 Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf net die vraagnommer en korrekte woord neer.

(4.10.1) ...(1) is agt jaar oud. Gans te oud vir sy ouderdom. Hy is Hanna se (4.10.2) ...(1). Hanna het ook (4.10.3) ... (1) stiefbroers. Hy speel nie regtig pop nie. Verlede jaar het Hanna hom eenkeer met haar Barbie-pop betrap. Toe Hanna hom terg, het Mana woedend geword. Sy glo dis sleg vir 'n mens se (4.10.4) ... (1) om normaal te wees. (4)

4.11 Die tema van die verhaal is die aanvaarding van die self, jou familie en die omgewing waarin jy leef.

4.11.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

4.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.11.1. (1)

4.12 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Hanna Hoekom word Hanna Heks. Dit dui op ...

A. haar gevoel teenoor haar gesin.
B. haar pa wat nie soos ander pa's is nie.
C. die donker kant van Hanna.
D. die geboorte van haar sussie. (1)

4.13 Hoe het hierdie verhaal jou siening van verbeeldingsvlugte en die skep van 'n alter ego beïnvloed? (1)

4.14 Hoekom, dink jy, is die titel van Hoofstuk 16 "Vaarwel, fabelagtige Fabienne" so 'n goeie keuse vir die verstaan van Hanna se lewensverhaal? (1)
[35]

OF

VRAAG 5
Opstelvraag

MEEULANDERS: Esta Steyn

In hierdie roman speel geheime en die gevolge daarvan 'n belangrike rol.

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) met voorbeelde uit die teks en bespreek hierdie stelling volledig. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Jy kan in jou opstel na die volgende geheime en hulle gevolge verwys:

- Ryna van Rensburg se naam verander.
- Vincent se finansiële probleme
- Jacob Langhans, Jannerik Kalper en Ryna
- Doreen Bindeman se hunkering na Jason Peters
- Matthys Langhans, Skalla Blanckenberg en Billy se duister dinge
- Ousanna Siener **[35]**

OF

VRAAG 6
Kontekstuele vraag

MEEULANDERS: Esta Steyn

- Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MEEULAND, DONDERDAGMIDDAG, 10 SEPTEMBER 1981
Baie foto's geneem – die jettie, Jannerik. Flip-Flap, die graffie.
Ek en Janka gaan môre wal toe vir twaalf dae. Klaar haar goedjies ingepak. Sy gaan by Elsabet bly, sy was nie laas maand daar nie. Ek gaan na ant Hansie-hulle toe. Die bekendstelling van die boek is volgende Saterdag, die 19de, op Stellenbosch. Prof. gaan ook daar wees. En ek moet Kaap toe gaan om verblyf te gaan soek. Dan sal ek terugkom en kom inpak.
Drie jaar voel nou soos 'n enkele gedagte. Ek het gekom met een koffer en 'n boks vol boeke en 'n tikmasjien. Ek gaan terug met soveel wonders. Ek het na die voëls van die hemel gekyk en gesien hoe God sorg. Ek het na die aandstiltes geluister en gehoor hoe Hy in die ruising daarvan asemhaal. Ek het begin insien dat daar 'n almagtige geordende ewewig in die natuur heers: vir elke winter, 'n somer; vir elke wolk, 'n stukkie son; vir elke storm, 'n stilte; vir elke wegvlug, 'n tuiskoms. Die balans daarvan is in ragfyn ritmes ingeweef, te groot en onbegryplik vir my verstand; al wat ek daarvan aflei, is dat daar vir elke moment van pyn 'n moment van vreugde is. Vir elke verwonding, weer genesing.
As ek Camilla gebly het, sou ek dit nooit besef het nie.

6.1 Van wie se graffie word hier melding gemaak? (1)

6.2 Wat bedoel Ryna as sy sê dat sy en Janka môre "wal" toe gaan? (1)

6.3 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Ryna en Janka gaan met die ... wal toe.

A. Meeuw
B. Sterretjie
C. Skipper
D. Sheila's Song II (1)

6.4 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

'n Deel van Ryna se werk die drie jaar op Meeuland was om ...

A. te help om die omgewing te bewaar.
B. navorsing vir 'n boek oor kusvoëls te doen.
C. te gaan help om besoedelde pikkewyne skoon te maak.
D. Jakob te help om Janka groot te maak. (1)

6.5 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Hoekom gaan Attie later weg van Meeuland af?

A. Hy wil 'n nuwe besigheid begin.
B. Hy wil saam met sy pa gaan werk.
C. Hy gaan op 'n diamantboot in Suidwes werk.
D. Hy is moeg vir die misverstande tussen hom en Jakob. (1)

6.6 Ryna se ou lewe in Kaapstad het drasties van haar lewe op die eiland verskil.
Vergelyk haar nuwe lewe op Meeuland met haar ou lewe. (5)

6.7 Sheila Blanckenberg is verlam na 'n skietongeluk.

6.7.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

6.7.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

6.8 Elsabet en haar vorige skoonma kom nog goed oor die weg.

6.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

6.8.2 Motiveer jou antwoord deur na hul verhouding te verwys. (1)

6.9 Pas die naam in KOLOM B by die burgerband-radionaam in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.9.1	Pikkewyntjie	A	Attie
6.9.2	Stompneus	B	Jacob
6.9.3	Steenbras	C	Jannerik
6.9.4	Handigas	D	Janka
6.9.5	Duiker	E	Matthys
		F	Elsabet

(5)

6.10 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommer en korrekte woord neer.

Matthys help vir Billy en Skalla om onwettig (6.10.1) ... (1) te smokkel en hy word daardie aand deur die kreefinspekteur, (6.10.2) ... (1), gevang. Na die hofsaak word Matthys gevonnis tot (6.10.3) ... (1) maande gevangenisstraf wat hy in (6.10.4) ... (1) moet uitdien. (4)

6.11

" 'n Boksie, Matthys. 'n Wit skoenboksie. Met 'n toutjie om. Kompleet soos minnebriewe. Met geld in, Matthys. Baie geld."

6.11.1 Waar het Hansie hierdie geld gekry? (1)

6.11.2 Matthys was baie lief vir Hansie. Wat wou hy met hierdie geld in die boksie vir haar gekoop het? (1)

6.12 Rangskik die volgende gebeure in die korrekte volgorde.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

A. Ryna beland in 'n kliniek omdat sy so depressief is.
B. Ryna se man, Vincent, en hulle seun, Ronnie, sterf in 'n brand.
C. Ryna gee 'n boek uit oor die gewoontes van kusvoëls.
D. Prof. van Keulen reël dat Ryna op 'n guano-eiland gaan navorsing doen. (4)

6.13

"Mens moet hulle nie te hard dryf nie, Doreen. Daar's nog hope tyd," sê Magdalene, "'n Uur op 'n middag is meer as genoeg." Magdalene se oë nael meteens vas op die sydeur waar meneer Vraagom met 'n vreemde man en vrou ingestap kom. Magdalene praat gesmoord agter haar hande verder: "Moenie nou kyk nie, maar hier kom meneer met die beautifulste beeld van 'n man aan."

6.13.1 Watter posisie beklee Doreen Bindeman by die skool? (1)

6.13.2 Wie is die nuwe skoolhoof by Salmander-Suid Skool? (1)

6.14

"Eendag sal die man wat jy liefhet, saam met jou hier woon. Maar daar is nog 'n groot tyd van eensaamheid. Jy moet vir hom wag, my kind. Daar is 'n swart rivier. Dit kronkel deur julle lewens. Julle sal eers daardeur moet kom."

6.14.1 Wie het hierdie voorspelling gemaak? (1)

6.14.2 Wat is hierdie swart rivier waardeur Ryna en Jakob moet gaan? (1)

6.15

Die ondertoon van sy stem is weerbarstig: "So? Jy is die bokkie met die komplimente van die Kaapse kantoor? Ek gee jou drie maande, juffrou, dan stuur ek jou met komplimente terug. Supergraad of te not."

6.15.1 Verduidelik die ironie van Jakob se woorde aan die begin van die roman. (1)

6.15.2 Wat is die stemming wat hier tussen Jakob en Ryna heers? (1)

[35]

OF

AFDELING B

DRAMA

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.

VRAAG 7
Opstelvraag

POPPIE, DIE DRAMA: Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Die apartheidswette het baie mense laat ly, maar tog het sekere individue/mense iets daaraan gedoen om 'n beter lewe vir die jeug van die toekoms te verseker.

Verwys na hoe die volgende twee karakters se lyding en optrede tot 'n beter Suid-Afrika bygedra het. Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) met voorbeelde uit die teks en bespreek hierdie stelling volledig. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Jy kan in jou opstel na die volgende verwys:

- Poppie
- Jakkie
- Wat, dink jy, kan jou bydrae wees om hierdie nuwe Suid-Afrika tot 'n beter land te versterk? **[35]**

OF

VRAAG 8
Kontekstuele vraag

POPPIE, DIE DRAMA: Elsa Joubert en Sandra Kotzé

- Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	*'n Speler stap tydsaam op.*
2	*Hy speel "Nkosi sikelel' iAfrika" op 'n penniefluit.*
3	*Sodra hy gaan sit, begin ander spelers dieselfde deuntjie neurie.*
4	*Hulle kom opgestap.*
5	*Vrouens dra blikke op hulle koppe.*
6	*Sodra Poppie haar blik neersit, is ligte op verhoog vol aan –*
7	*helder vrolike lig.*

8.1 Beantwoord die volgende vraag met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Watter tegniek word in die openingstoneel gebruik om die gehoor te laat verstaan dat hierdie 'n Suid-Afrikaanse drama is?

A. Ligte
B. Blikke
C. Musiek
D. Verhoog (1)

8.2 Die gedeelte(s) tussen hakies, bv. (gaan hoor) noem ons in die drama, die....

A. antagonis se woorde.
B. toneelaanwysings.
C. dekor van die toneel.
D. intrige van drama. (1)

8.3 Groot Ouma Kappie was al een in die familie met die bekende liggaamlike familiekenmerk.

8.3.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.3.2 Ondersteun jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks. (1)

8.4 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Ons lees dat Poppie se familievroue almal Gordoniaboorlinge is. Die plek (bogenoemde) waar 'n drama homself afspeel, noem ons dus die ...

A. ouditorium.
B. handeling.
C. konflik.
D. toneelruimte. (1)

8.5

> STONE: Vier maande ná die verlowing het ons getrou, op 'n Woensdag sodat die predikant uit die Kaap kon kom. Die troue het twee dae aangehou en die mense het uit die werk gebly om te kom bruilof vier. Bhuti Plank was Poppie se strooijonker en Nofgali het vir haar gestrooi. Die eerste dag was die troue by Lena se huis.

8.5.1 Watter Xhosa-stamtradisie moes Stone eers nakom, voordat hy met Poppie kon trou? (1)

8.5.2 Sê slegs JA of NEE. Het Poppie aan die begin van Stone Nongena gehou? (1)

8.5.3 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 8.5.2. (1)

8.6

1 STONE (*plaas sy arm om haar skouer):* Toe kom die ding dat hulle nou
2 vir ons sê, ons moet nou gan waarnatoe ons wil, maar ons Xhosa-mense
3 moet net weg uit Lambertsbaai uit.
4 JACKIE: Die mense was baie ontevrede.
5 MOSIE: *(spring driftig op, loop heen en weer, beweeg na Stone*
6 *en Poppie).* Ek gaan nie hierso weg nie. Ek het hier grootgeraak ... ek werk
7 by die garage en ek leer by die Union College. Bhuti Mbatane het twaalf
8 jaar in Lambertsbaai gewerk en voor dié tyd in Lüderitzbucht. Waarnatoe
9 moet hy nou gaan?
10 POPPIE: (*aan Mama)* En Ouma ... en my kindjie se graftes? Wie sal vir
11 hulle versorg?
12 MAMA: Waar gaan ons huis kry? (*Ad lib.)*
13 *Almal "vries". Luister na stem oor megafoon.*

8.6.1 Waarom word Poppie en haar mense gedwing om Lambertsbaai te verlaat? (1)

8.6.2 Noem die bekommernis wat die karakters oor die trek gehad het. (2)

8.7 Pas die naam in KOLOM B by die aanhaling in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.7.1	"Ek het kontrak gevat"	A	Poppie
8.7.2	"As hulle nie hoor nie, sal ons hulle by force wys"	B	Stone Nongena
8.7.3	"Ek het dadelik swanger geword. Ek was mos dom."	C	Bonsile
8.7.4	"Ons wil jou Ciskei toe stuur, na jou skoonmense."	D	Jakkie
8.7.5	"Daar's nie rede waarom ek moet weggaan nie. Ek sal by my pa bly."	E	Pasbeampte

(5)

8.8 Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf net die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Nadat Poppie moeg was om te baklei om in die Kaap te bly, stuur die Native Affairs haar na 'n plek genaamd (8.8.1) ... Haar man Stone trek na 'n (8.8.2) ... en haar 16-jarige kind, (8.8.3) ..., dring daarop aan dat hy by sy pa wil bly. Hier bereik Poppie 'n absolute laagtepunt en voel heeltemal (8.8.4) ... Poppie besef sy moet aangaan vir haar kinders se onthalwe en ontvang (8.8.5) ... van familielede en (8.8.6) ... wat Stone gereeld stuur. 'n (8.8.7) ... van ma maak haar bang en sy hoor direk daarna dat Stone gesterf het. (7)

8.9 Rangskik die volgende gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die verloop van die verhaal. Skryf slegs die letter in die regte volgorde neer.

A Poppie kry werk by Mrs Scobie, maar die ure is baie lank.

B Bonsile veroorsaak dat 'n weesmeisie swanger raak.

C Wet: Xhosas, veral vrouens en kinders mag nie meer in Lambertsbaai bly nie.

D Jakkie skiet 'n polisieman en vlug.

E Poppie se seuntjie word gebore, maar sterf op vyf maande.

F Die kinders se rol in die 1976-opstande begin. Hulle drink, brand skole en biersale af, maak petrolbomme en word deur die polisie geskiet.

(6)

8.10

1 MR GREEN: Wilson
2 MOSIE: Ja, baas?
3 MR GREEN: ... wat is dit dan met die kinders, of die comrades, wat soek
4 hulle nog?
5 MOSIE: Die jongstes hulle praat mos nie met ons nie. Hulle sê ons
6 grootmense is dié wat die draad gegee het, ons het die witmense die kans
7 gegee, soos hulle sê, ons is die ja-baas, die yes-man, so hulle trust ons nie
8 Hulle sê die witmense kap ons.
9 MR GREEN: Kap ek jou, Wili?
10 MOSIE: Die tyd is nie meer dieselfde nie, boss. Hulle is meer advanced as
11 wat ek nou is. Wat ek nou gaan staan, gaan hulle nie staan nie.
12 MR GREEN: Ek kan vir jou broer werk gee, Wilson, sê hy moet my kom
13 sien. Hy kan nie so rondlê en niks doen nie.
14 MOSIE: Hy's nie interested nie, boss, hy sê hy wil nog leer, hy't maar altyd
15 sy briefcase langs hom en sy papiere. Hy wil predikant word, maar sy
16 skool is gesluit. Die skool sal weer oopgaan, sê hy. Hulle het ingegee,
17 because why, they're ruled by the gun, maar as iemand jou met die gun
18 rule jy gaan hardloop, jy gaan moeg word van die hardloop, ek
19 weet wat ek voel, ek dink hulle moet dit meer voel, beter voel of slegter
20 voel. Times have changed, boss. En hulle laat ons dit voel, ja.

Die "youngsters"/kinders hou daarvan dat die swart mense die wit mense "baas" noem.

8.10.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

8.10.2 Gee 'n aanhaling uit die teks as bewys vir jou antwoord. (1)

8.10.3 Wat is die tema wat uit hierdie aanhaling na vore kom? Kies die KORREKTE antwoord en skryf slegs die vraagnommer en korrekte letter neer.

A. Swart mense se respek vir wit mense word getoon.

B. Kinders se respek vir volwassenes en ouers verminder.

C. Kinders is vasberade om te oorleef, ten spyte van wat gebeur.

D. Liefde van ouers vir hul kinders is onvoorwaardelik.

(1)

8.10.4 Skryf EEN feit oor die taalgebruik in Poppie, na aanleiding van die aanhaling.

Begin so: Die taalgebruik in "Poppie", die drama is ... (1)

8.10.5 Voltooi die sin deur SLEGS EEN WOORD in te vul:

Tot nou toe het Poppie geveg vir haar regte, maar aan die einde van die drama gee sy die stryd oor aan haar ... (1)

8.10.6 Voltooi die stelling deur die KORREKTE woord tussen hakies neer te skryf.

Die begin van die 1976-onluste lei tot die (motoriese moment / klimaks / ontknoping) in die drama. (1)

[35]

OF

VRAAG 9
Opstelvraag

PALJAS: Chris Barnard

In hierdie drama leer die leser verskeie karakters ken. In die verloop van die drama leer ons die McDonalds goed ken.

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy hierdie karakters en hul verhouding met mekaar volledig bespreek. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Jy kan in jou opstel na die volgende karakters verwys:

- Hendrik
- Katrien
- Willem
- Emma

[35]

OF

VRAAG 10
Kontekstuele vraag

PALJAS: Chris Barnard

- Lees die volgende dagboekinskrywing deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Liewe Dagboek

Ek kon dit nie glo nie. Ek het nog so
op my fiets gery toe sien ek blou, geel
en rooi balletjies wat op en af wip. Later
kom 'n groene by en dit wip al hoër.
Ewe skielik sien ek 'n nar bokant die
bale uitkom. Ek probeer vir die nar
oor die bulte beduie en maak die geluide
soos 'n kar om vir hom te verduidelik
dat die sirkus weg is al wat die nar
sê is dat hy klaar is met die sirkus
en net hier gaan bly. Ek glimlag eers
en dan lag ek.

Willem

10.1 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Willem het gesien hoe die sirkustrein, woonwa en kombi vertrek. Willem dink dat Manuel ook weg is. Dit laat Willem ... voel.

A. angstig en aggressief
B. opstandig en teleurgesteld
C. aggressief en ontsteld
D. ontsteld en teleurgestel (1)

10.2 Hendrik en Willem sit in Oudokter se spreekkamer. Hendrik is ongeduldig en wil weet of Oudokter nie vir Willem gaan ondersoek nie.

10.2.1 Beskryf hoe die dokter gelyk het, terwyl hy agter sy lessenaar gesit het. (1)

10.2.2 Wat het Oudokter vir Willem gevra om te doen? (1)

10.2.3 Vir wie het Oudokter die skuld gegee, omdat Willem nie kon praat nie? (1)

10.2.4 Wat, volgens Oudokter, het Willem se probleem veroorsaak? (1)

10.2.5 Watter raad het Oudokter vir Hendrik gegee? (1)

10.3 Manuel sê vir Willem dat hulle die ou Willem moet uitvee en 'n nuwe Willem moet teken. Waarom is dit ironies dat die nar dit vir Willem wil doen? (1)

10.4 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Die "paljas" van die nar maak die karakters se lewens reg. Dit dui op die ... van die drama.

A. boodskap
B. tema
C. intrige
D. subintrige (1)

10.5

"Elke stasie 'n bietjie kleiner, bietjie valer, bietjie verder van als af."

10.5.1 Hoe lank gelede het Hendrik op Touwsrivier gewerk? (1)

10.5.2 Wat was die rede, volgens Hendrik, waarom dit vir hom lekker is hier waar hulle nou bly? (1)

10.5.3 Hoe het Willem vir Hendrik probeer troos toe hy begin huil het; nadat hulle vir Willem op die stoep gekry het. (1)

10.6 Die feit dat Manuel by die MacDonalds in die huis aansterk, is simbolies.

10.6.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

10.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.6.1. (1)

10.7 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

"Met Hendrik se woorde aan Jan Mol: "Dé, vat julle speelgoed" verwys hy na die ...

A. gesigverf.
B. fiets.
C. geweer.
D. balletjies. (1)

10.8 Pas die antwoord uit KOLOM B by die prent / prente in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

KOLOM A		KOLOM B
10.8.1		A. Die motoriese moment
10.8.2		B. Die finale klimaks of hoogtepunt in die verhaal
10.8.3		C. Die ruimte waarbinne die verhaal afspeel
10.8.4		D. Die ontknoping of die afloop van die verhaal

(4)

10.9 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE woorde in te vul. Skryf net die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Die (10.9.1) ... jarige Emma het opgehou om klavier te speel en sy vrees ’n toekomstige huwelik met die enigste beskikbare vryer (10.9.2) ... . Die gemeenskap dink dat (10.9.3) ... van die duiwel besete is en hulle verwerp die MacDonalds. (3)

10.10 Die dominee laat Manuel toe om die erediens by te woon.

10.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

10.10.2 Motiveer jou antwoord deur in EEN sin te verduidelik wat presies in die erediens gebeur. (1)

10.11 Hierdie drama is bedoel om opgevoer te word. Die toneelaanwysings vorm deel van die dialoog in die drama.

10.11.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

10.11.2 Motiveer jou antwoord deur presies te sê wat die funksie van die toneelaanwysings is. (1)

10.12 Rangskik die gebeure in die verhaal in die KORREKTE volgorde waarin dit plaasgevind het. Skryf slegs die letters in die korrekte volgorde neer.

A. ’n Argument ontstaan tussen Frans en Jan Mol, wat uitloop op ’n woeste gestoeiery.
B. Nollie sien hoe Bertie vir Emma teen ’n trok vasdruk.
C. Die sirkusmense het later met’n gehawende minibus en woonwa daar aangekom.
D. Frans verklaar sy liefde aan Katrien. (4)

10.13 Skryf ’n goeie paragraaf waarin jy die simboliek van die Volstruisdans in hierdie drama bespreek. (5)

10.14 Watter groot waarheid besef Manuel aan die einde van die verhaal? (1)

[35]

OF

AFDELING C
KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.

VRAAG 11
Opstelvraag

MUTSUKU: Izak de Vries

- Lees die volgende uittreksel versigtig deur en beantwoord die vrae.

Dis Dinsdagoggend en meneer Ndou is vroeg reeds op. Gister is sy hemp al netjies gewas en gestryk. Hy het ook sy skoene skoongemaak en besluit dat ’n blikkie Kiwi-politoer op die lysie gaan wees wat hy vanmiddag gaan koop.
Hy stoot-stoot aan die kooltjies onder die kleipotjie en wanneer hy tevrede is dat die pap lekker styf is, krap hy die een helfte in sy bord en die ander helfte in Mutsuku s’n.
Eers kry die ou hond ’n vryf tussen die ore, wat die stert so ’n keer of wat laat beweeg, dan word die bord voor hom neergesit.
Sommer net te gou is die hond se bord leeg en die ou man kyk half skuldig na die pap wat nog in syne is.

In hierdie kortverhaal is die hoofkarakter ’n man wat nie genoeg geld het om vir hom en sy hond te sorg nie.

Beskryf die hoofkarakter volledig in ’n OPSTEL (250 – 300 woorde). Jou opstel moet ’n inleiding en slot hê.

Jy kan in jou opstel na die volgende verwys:

- Die ruimte waarin hy leef
- Sy uiterlike voorkoms
- Sy karaktereienskappe
- Die innerlike konflik wat hy ervaar
- Die uiterlike konflik wat hy ervaar **[35]**

OF

VRAAG 12
Kontekstuele vraag

EK IS JAMMER: E.K.M. Dido

- Lees die volgende gedeelte deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> 1 "Ou Dingo se nuwe kaia lyk snaaks noudat die grond gelyk is en die marmer op is, nè
> 2 bra Mike?" breek een die stilte.
> 3 "Is so, Charlie," antwoord Mike en draai sy kop skuins en kyk na die koppenent van die
> 4 marmerklip. Sy lippe bewe effens toe hy weer praat. "Ek is regtig jammer, Dingo. Jy sal
> 5 nooit weet hóé jammer nie! Ek het nooit bedoel om jou in te trek nie. Ek ..." Hy hou op
> 6 praat en vryf sy hande teen mekaar.
> 7 "Ek is net so jammer, my bra," sê Charlie sag en tel weer klippies op en kyk hoe hulle
> 8 een vir een uit sy hand val.

12.1 Wat is Dingo se nuwe kaia waarvan Charlie hier praat? (1)

12.2 Wat is die letterlike betekenis van 'n kaia? (1)

12.3 Met wie wou Dingo praat voor hy dood is? (1)

12.4 Hoe oud was Dingo met sy dood? (1)

12.5 Rangskik die volgende feite in die korrekte volgorde.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

A. Charlie weet nie dat daar fout met Dingo is nie, want hy gaan dans.
B. Mike hardloop weg omdat hy bang vir sy pa is.
C. Charlie gee vir Mike en Dingo hits by die dans.
D. Dingo se asemhaling klink soos iets wat sy gorrel toedruk. (4)

12.6

> "Ek makeer niks, net baie moeg van die geheim wat nou te swaar vir my geraak het om verder rond te dra." Hy bly stil, tel 'n blommekrans op en hou dit met albei hande styf teen sy bors vas. "Onthou jy," begin hy weer, "daai aand met die dans het ek en Dingo die hits gevat?"

12.6.1 Waarna presies verwys die "hits" wat Dingo en Mike gevat het? (1)

12.6.2 Voltooi: Charlie het nie geweet dat daar groot fout met Dingo was nie, omdat hy gaan ... het. (1)

12.6.3 Wat is hierdie geheim van Mike? (1)

12.7 Charlie het by sy ouers gewoon toe Dingo dood is.

12.7.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

12.7.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 12.7.1. (1)

12.8 Pas die stelling in KOLOM B by die stelling/persoon se naam in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

KOLOM A		KOLOM B	
12.8.1	Hy is onder die indruk dat die tieners by die kerk se jeugbiduur was.	A	Hy word gedwing om na 'n kerkprogram op TV te kyk.
12.8.2	Die tieners is besig om stokkies te draai.	B	Mike blameer homself vir Dingo se dood.
12.8.3	Die hele gemeenskap blameer hom vir Dingo se dood.	C	Hulle is nie by die skool nie.
12.8.4	Die persoon praat 'n meer formele Afrikaans.	D	Mike se pa.
12.8.5	Charlie vat 'n paar hits by die manne op die winkelhoek.	E	Mike
		F	Charlie

(5)

12.9 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Mike is die seun van 'n (12.9.1) ... (1), terwyl Charlie by 'n (12.9.2) ... (1) bly wat baie streng is. Dis nie net Charlie en Mike wat vir Dingo mis nie, maar die hele (12.9.3) ... (1) en die gemeenskap. (3)

12.10 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Die uitwerking van die hits op Mike was, dat ...

A. sy lippe 'n snaakse blou-vaal kleur gehad het.
B. dit gevoel het of sy brein by sy oë uitkom.
C. sy oë so groot soos pierings geraak het.
D. hy nie lekker asemgehaal het nie. (1)

12.11 Beantwoord die volgende vraag met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Watter soort verteller tree in hierdie verhaal op?

A. Interne verteller
B. Derdepersoonsverteller
C. Ek-verteller
D. Eerstepersoonsverteller (1)

12.12

> "Dis waar, ou Dingo,"sê Mike doodernstig, "Charlie het 'n nuwe blaadjie omgeslaan."

12.12.1 Wie, behalwe Mike, het die verandering in Charlie se lewe raakgesien? (1)

12.12.2 Charlie het nie weer 'n hit gevat nie. Aan watter verslawingsmiddel het Charlie nie weer geraak nie? (1)

12.13 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Die persoon/persone wat vir Dingo se dood verantwoordelik gehou kan word, is ...

A. Mike.
B. Charlie.
C. die gemeenskap.
D. Mike, Charlie en die gemeenskap. (1)

12.14 Mike en Charlie se taalgebruik is nie dieselfde nie. Skryf 'n paragraaf waarin die twee seuns se taalgebruik vergelyk word. (5)

12.15 Daar was 'n groot verandering in Mike se lewe na Dingo se dood.

12.15.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

12.15.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 12.15.1. (1)

12.16 Waarom is dit ironies as Mike vir sy pa jok oor die jeugbiduur en in werklikheid na 'n dans gegaan het? (1)

12.17 Wat is die boodskap van hierdie verhaal? (1)

[35]

OF

AFDELING D
GEDIGTE

BEANTWOORD <u>TWEE</u> VAN DIE VOLGENDE VRAE.

VRAAG 13
Kontekstuele vraag

Talle tonge – Mathews Phosa

Talle tonge

Talle tonge het ek
een tong op 'n gegewe oomblik

'n heuningtong
'n bitter tong
'n tong stomp
genoeg om te swyg

My skerp tong klap
klap soos 'n sweep
en keep diep en laat bloei

My suur tong brand
brand soos asyn
en laat krimp inmekaar en skend

Talle tonge het ek
een tong op 'n gegewe oomblik
'n tong om te sny
'n tong om te salf
Ek het talle tonge

Uit : *Deur die oog van 'n naald, 1996*

13.1 Skryf TWEE APARTE WOORDE uit strofe 1 neer wat in kontras met/teenoor mekaar staan. (2)

13.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer. Die figuurlike betekenis van die gedig is die volgende:

A. 'n Swart digter wat Afrikaans praat.
B. Vir elke situasie het ons metafories 'n ander tong.
C. Suid-Afrika is 'n land van baie tale.
D. 'n Tong kan vir baie doeleindes gebruik word. (1)

13.3 Kies die KORREKTE antwoord en skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Die woord “swyg” in reël 6 beteken:

A. lawaai
B. proe
C. lek
D. stilbly (1)

13.4 Skryf TWEE APARTE WOORDE uit strofe 3 neer wat vir die leser sê wat presies ’n tong kan doen. (2)

13.5 Pas die stelling / beskrywing in KOLOM B by die soort tong in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

KOLOM A		KOLOM B	
13.5.1	’n heuningtong	A	Hartseer / haatlike woorde
13.5.2	’n bitter tong	B	Onvriendelik / humeurig wees
13.5.3	’n stomp tong	C	’n Geheim oorvertel / lelik
13.5.4	’n skerp tong	D	Bitsig / venynig wees
13.5.5	’n suur tong	E	Soet woorde wat streel
13.5.6	’n tong wat sny	F	Troos / mooi praat
		G	Sensitief vir ander mense se gevoelens

(6)

13.6 Watter tipe beeldspraak kry mens in die onderstaande aanhaling? Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer. “Klap soos ’n sweep”.

A. Metafoor
B. Eufemisme
C. Personifikasie
D. Vergelyking (1)

13.7 Kies die KORREKTE woord tussen hakies en skryf net die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Die woord “salf” in reël 16 se (konnotasie/denotasie) is om te genees. (1)

13.8 Skryf TWEE opeenvolgende woorde neer wat in die gedig herhaal word. (2)

13.9 Watter EEN WOORD word sterk as skakel in strofe 3 – 4 gebruik om te wys waartoe die tong in staat is / wat die tong alles kan doen. (½)

13.10 Skryf die reël in die gedig neer waaraan hierdie prentjie jou laat dink.

(1)
[17½]

OF

VRAAG 14
Kontekstuele vraag

So long Skipskop – David Kramer

So long Skipskop

Pak op pak op
sit jou goedjies op jou kop
môre gaan ons weg
ver van hier weg
Skipskop Skipskop
wanneer hou die dinge op
swaarkry lê net voor
die blou berge oor

Overberg se mens is ek gebore
op die plek Skipskop
nes my pa en sy pa ook
hier deur die duine loop onse spore
hier op die beach hier langs die see

is ek gedoop
Wat ken ek anders as die bloudam en branders
die wolke en die winde wat hier waai
Verkoop jou bootjie
pak op jou goedjies
sê ma So long Skipskop Skipskop

sê goodbye
Linkerhand regterhand watsekant
lê die plek Misverstand
Asseblief meneer sê tog weer
is dit die pad wat ons moet môre vat

25 'n Stukkie lê hier en 'n stukkie lê daar
26 stukkies van my lewe lê nou deurmekaar
27 tel op tel op vir Shorty en vir Pop
28 gaan haal vir Apie en hou daai kindjie dop

29 Wat ken ek anders as die bloudam se branders
30 die wolke en die winde wat hier waai
31 Verkoop jou bootjie
32 pak op jou goedjies
33 sê ma So long Skipskop Skipskop
34 sê goodbye
35 sê ma So long Skipskop Skipskop
36 sê goodbye

Van : *David Kramer, Blik Music, 1986*

14.1 Die plek se naam is waarskynlik 'n samestelling van DRIE woorde. Skryf net die vraagnommer en die TWEE hoofwoorde wat saamgestel word neer. (2)

14.2 David Kramer is ook 'n musikant. Hierdie gedig is 'n vorm van (pop / protes)-musiek. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies en skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

(1)

14.3 Kies die KORREKTE antwoord en skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Die mense van die dorpie moes trek omdat ...

A. hulle dorpie in gevaar was as gevolg van 'n seestorm.
B. daar nie meer vis vir hulle was om van te lewe nie
C. die regering hulle geforseer het om plek te maak vir 'n wild-reservaat.
D. die regering hulle geforseer het om plek te maak vir 'n missieltoetsterrein. (1)

14.4 Waarom sê die spreker daar lê net swaarkry vir hulle voor? (1)

14.5 Sê of die volgende stelling volgens strofe 1 WAAR of ONWAAR is.

14.5.1 Die mense het min tyd om te trek. (1)

14.5.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 14.5.1. (1)

14.6 Kies die KORREKTE antwoord en skryf net die vraagnommer en letter neer.
"nes my pa en sy pa ook" is 'n voorbeeld van ...

A. eufemisme.
B. vergelyking.
C. metafoor.
D. ironie. (1)

14.7 Watter TWEE aparte woorde gebruik die spreker om na die see te verwys. (2)

14.8 Kies die KORREKTE antwoord en skryf slegs die korrekte vraagnommer en letter neer.

"die **w**olke en die **w**inde wat hier waai"
Die onderstreepte klanke in reël 16 is 'n voorbeeld van ...

A. klanknabootsing
B. assonansie
C. alliterasie
D. herhaling (1)

14.9 Kies die KORREKTE antwoord deur net die vraagnommer en korrekte woord tussen hakies neer te skryf.

"goedjies" in reël 18 kan na baie klein goed of min goed verwys.

Hierdie is 'n voorbeeld van (sinekologie / metonimie / woordspeling / verkleining). (1)

14.10 Gee die KORREKTE Afrikaanse woorde vir ...

14.10.1 So long (reël 19).

14.10.2 beach (reël 13). (2)

14.11 Haal EEN versreël aan wat bewys dat ...

14.11.1 die mense van Skipskop onseker is oor waarheen hulle gaan.

14.11.2 die mense se lewens nou omgekrap is / in wanorde verkeer. (2)

14.12 In watter omgewing is Skipskop geleë? (1)

14.13 Kies die woord wat die <u>stemming</u> in die gedig KORREK oordra. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

Die stemming in die gedig is ...

A. vrolik.
B. hartseer.
C. woedend.
D. emosieloos. (½)

[17½]

EN / OF

VRAAG 15
Kontekstuele vraag

Life vannie jobless – Magmoed Martin

Life vannie jobless

Ek sê, my bra, ken djy die agony vannie jobless,
van application forms en briewe en even wasted phone calls,
van jou skoene stukken loep en van rejection
en van trainfare wat nieman gaan replacie.

En ken djy die pyn van virrie kinners sê daar issie,
van kostafels sonner kos en lawyerlette's wat ophoep,
van watter wattie melk innie baby-borrel replace
en van skel oor geld wat nêrens te vind issie.

Ja, my bra, soe issie life vannie jobless:
een van great depression en rejection,
'n life van alienation en degradation –
daai issie life vannie jobless.

Ken djy hoerrit voel as djy moet loaf,
van oppie grond slaap sonner komberse,
van overcrowding sonder lektriek
en van innie gel'gatte se rubbish soek vir kos.

En ken djy hoerrit voel as die laities hul respek verloor
vir ouers wat van wyn 'n afgod maak,
van buttons wat common use word innie join',
En vannie stelery wan God het ôs desert.

Ja, my bra, nou daai issie life vannie jobless.

Uit *: Nuwe stemme 1. Gedigte 1977*

15.1 Met watter aanspreekvorm skep die spreker reg van die begin af 'n verhouding met die leser? Skryf slegs EEN WOORD neer. (1)

15.2 15.2.1 Watter tipe Afrikaans is hier ter sprake / word hier gebruik? (1)

15.2.2 Noem EEN kenmerk van hierdie tipe Afrikaans. (1)

15.3 Skryf EEN manier neer waarop die spreker probeer het om werk te soek. (1)

15.4 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies en skryf jou antwoord neer.

"van jou skoene stukken loep ..." (reël 3) word (letterlik / figuurlik) gebruik. (1)

15.5 Pas die persoon in KOLOM A by die stelling in KOLOM B. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter neer.

KOLOM A		KOLOM B	
15.5.1	Baba	A	Geen bederf nie
15.5.2	Vrou	B	Geen melk nie
15.5.3	Kinders	C	Geen mooi woorde nie

(3)

15.6 Watter leesteken in strofe 2 sê vir die leser dat 'n verduideliking gaan volg oor hoe die lewe van 'n "jobless" persoon is? Skryf die versreël neer en onderstreep die leesteken. (1)

15.7 Kies die KORREKTE antwoord en skryf net die vraagnommer en korrekte letter neer.

"gel'gatte" in reël 16 verwys na ...

A. mense wat arm is.
B. mense wat baie kos het.
C. mense wat ryk is.
D. mense wat werk vir geld. (1)

15.8 Noem EEN euwel in strofe 5 waaraan die werklose hulleself oorgee. Skryf net EEN woord as antwoord neer. (1)

15.9 Kies die KORREKTE antwoord en skryf net die vraagnommer en korrekte letter neer.

Die pa voel in strofe 5 dat God hom ... het.

A verlaat
B bygestaan
C gered
D geseën (1)

15.10 Voltooi die sin deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf net die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Die kinders slaap saans op 'n honger maag sonder (15.10.1) ... (1) en die pa se klein huisie is (15.10.2) ... (1). Dit is donker, omdat daar geen (15.10.3) ... (1) is nie. (3)

15.11 15.11.1 Kon die pa sy skuld betaal het? (1)

15.11.2 Gee EEN WOORD uit die gedig as bewys vir jou antwoord op VRAAG 15.11.1. (1)

15.12 Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die stelling te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Die titel van die gedig word aan die einde herhaal. Dit bind die gedig tot 'n hegte (teenstrydigheid / eenheid). (½)

[17½]

EN / OF

VRAAG 16
Kontekstuele vraag

Melkkantien – Elisabeth Eybers

Melkkantien

Wat soek sy hier waar alles glim, die vrou,
verweer en afgewater, kneukels rooi,
soos die tamatiesap waarom hul klou?
Tussen die kelnerinne, opgetooi,
met jong gesigte, almal leeg en hard,
Wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
in haar verrimpelde gelaat die smart
van anders en alleen wees saamgeskroef?

Vir sóveel powerheid is daar geen troos
Ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
na 'n apteker, dalk kan sy my help?
Sy stoot die vaal patroontjies terug, oorstelp
van vriendelikheid, beduie tandeloos:
Jy meen 'n kemmis? Ja net om die hoek.

Uit : *Die helder halfjaar, 1956*

16.1 Voltooi die sinne deur na die vorm van die gedig te kyk. Kies die KORREKTE woord tussen hakies en skryf net die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Hierdie gedig is geskryf in die vorm van 'n (1.16.1) (Engelse / Italiaanse) sonnet. Die eerste agt reëls vorm saam 'n (1.16.2) (oktaaf / kwatryn) en die laaste ses reëls vorm 'n (1.16.3) (sekstet / tersine). (3)

16.2 Kies die KORREKTE antwoord en skryf net die korrekte vraagnommer en letter neer.

'n Ander naam vir die titel van die gedig is 'n ...

A koswinkel.
B bosveldkroeg.
C koffiekroeg.
D melkwinkel. (1)

16.3 Waaruit kan die leser aflei dat die Melkkantien 'n goedversorgde plek is? Skryf 'n gedeelte van 'n versreël as antwoord neer. (1)

16.4 Watter tipe beeldspraak tref mens in hierdie aanhaling aan?

"soos die tamatiesap waarom hul klou?" (reël 3)

A ’n Metafoor
B Personifikasie
C Vergelyking
D Antitese (1)

16.5 Hoe lyk die ander kelnerinne in vergelyking met "die vrou". Skryf slegs EEN woord as antwoord neer. (1)

16.6 Kies ’n woord uit die woorde tussen hakies wat "powerheid" in reël 9 die beste beskryf en skryf slegs die woord as antwoord neer.

(mag/hartseer/voorkoms/verwaarlosing.) (½)

16.7 Waarmee vergelyk die spreker die ouer vrou se hande? (1)

16.8 Gee EEN verduideliking waarom jy dink sy "klou" die glas vas. (1)

16.9 Pas die woord in KOLOM B by die KORREKTE beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter neer.

KOLOM A		KOLOM B	
16.9.1	Dit beskryf die jong kelnerinne	A	gelaat
16.9.2	Die vrou laat die spreker onhandig voel	B	universeel
16.9.3	Die spreker is oorweldig deur "die vrou" se optrede	C	troos
16.9.4	Beskryf die vrou se voorkoms	D	kemmis
16.9.5	Weerspieël die vrou se voorkoms	E	vriendelikheid
16.9.6	Die spreker weet sy kan dit nie vir die vrou doen nie	F	tandeloos
16.9.7	"wat soek sy hier"	G	lomp
16.9.8	Dit is ’n sinoniem vir gesig	H	leeg

(8)
[17½]

TOTAAL: 35 + 35=[70]

EINDE